LAERSKOOL PARK

Tel.: 044-691 1020\1 Faks.: 044-691 2046
E-Pos parklaerskool@gmail.com
Webblad www.parklaerskool.co.za
Prinsipaal D.F. Du Toit

Kaapweg 49
Posbus 96
MOSSELBAAI
6500

5 November 2019

VERKLARING DEUR DIE SKOOLBEHEERLIGGAAM TEN OPSIGTE VAN LEWENSORIëNTERING EN SEKSUALITEITSOPVOEDING

Die personeel en bestuur van Laerskool Park neem met skok en afgryse kennis van die voorgestelde wysiging van die kurrikulum in die vak Lewensoriëntering vir Gr.4 tot 7. Die voorstel het ten doel om seksonderrig deel te maak van hierdie kurrikulum.

Die Skoolbeheerliggaam van Laerskool Park wil al ons ouers die versekering gee dat hierdie onetiese en sensitiewe onderwerp nie deel vorm van Laerskool Park se waardesisteem en karakter nie. Ons sal alles in ons vermoë doen om hierdie ondeurdagte voorstel te beveg sodat dit nie geïmplementeer word nie.

Verskeie organisasies soos FEDSAS, die SAOU, die DA en AFRIFORUM is ook reeds besig om hierdie aangeleentheid op die hoogste vlakke te beveg en ons is in afwagting oor hulle terugvoer.

Ons wil al ons ouers verseker dat Laerskool Park gebou is op Christelike waardes wat ons nie sal opoffer nie.

Ons sal u mettertyd meer inlig oor hierdie aangeleentheid.

Manie Pretorius
Voorsitter:
Skoolbeheerliggaam